2018/08/06
08:55 AM

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2018/07/30	DATUM 2018/08/03			+ - WEEK GELEDE 2018/07/30		+ - MAAND GELEDE 2018/07/09		+ - JAAR GELEDE 2017/08/07	
	Data	Δ	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*	Δ%	*Data*
Brent ($/b)	74.74	1.40	1.9%	73.34	0.0%	74.74	-4.4%	78.16	43.5%	52.10
US$: ? ZAR	13.33	-0.100	-0.7%	13.43	1.1%	13.18	-0.6%	13.41	0.9%	13.21
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 1 938.52	-2	-0.1%	R 1 940.37	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Corn Jul + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 725.21	-38	-1.4%	R 2 763.42	*CBOT Jul cents / bushel + -08:00 today vs. CBOT Wheat Jul + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 370.92	32	0.7%	R 4 338.57	* CBOT Jul cents / bushel + -08 : 00 today vs. CBOT Soy Jul + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Corn Sep '18	369.40	2.40	0.7%	367.00	2%	361.00	4%	354.00	-10%	412.50
Wheat Sep '18	556.40	-3.60	-0.6%	560.00	5%	529.00	10%	508.00	2%	545.00
Soybean Aug '18	892.40	13.20	1.5%	879.20	2%	875.20	4%	855.75	-11%	997.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)										
SORGHUM Jul '18	3600.00	0	0.0%	3600.00	0.0%	3600.00	12.5%	3200.00	#VALUE!	NA
WMAZ SPOT	2094.00	-74	-3.4%	2168.00	0.0%	2094.00	4.0%	2014.00	12.8%	1856
WMAZ Sep '18	2132.00	-70	-3.2%	2202.00	0.0%	2132.00	3.1%	2068.00	-0.6%	2144
YMAZ SPOT	2156.00	-68	-3.1%	2224.00	0.0%	2156.00	2.9%	2096.00	9.4%	1970
YMAZ Sep '18	2171.00	-89	-3.9%	2260.00	0.0%	2171.00	0.9%	2152.00	-2.6%	2228
SOY 50 SPOT	4361.00	-9	-0.2%	4370.00	0.0%	4361.00	0.6%	4336.00	-6.5%	4665
SOY Sep '18	4422.00	-6	-0.1%	4428.00	0.0%	4422.00	-0.1%	4426.00	-6.0%	4706
SUN SPOT	4705.00	-85	-1.8%	4790.00	0.0%	4705.00	0.3%	4690.00	-0.9%	4749
SUN Sep '18	4772.00	-83	-1.7%	4855.00	0.0%	4772.00	-0.6%	4800.00	-0.7%	4807
WHEAT Spot	4134.00	-2	0.0%	4136.00	0.0%	4134.00	2.8%	4023.00	-8.3%	4510
WHEAT Sep '18	4170.00	-23	-0.5%	4193.00	0.0%	4170.00	2.4%	4074.00	-5.2%	4398
OLIESADE (US$/ton)	2018/08/03	Bron: Oilworld			2018/07/27		2017/11/13		2016/12/12	
Soya-oil, Arg.	645				0.0%	645	-16%	769	-5%	676
Soya-pell, Arg.	375				0.0%	375	11%	339	2%	368
Soybean, Brazil	415				0.0%	415	1%	410	1%	410
USA Runner 40/50	1380				0.0%	1380	-14%	1600	6%	1300
Sun-oil, Arg.	725				0.0%	725	-4%	755	-9%	800
Sun-oil, Black Sea	748				0.0%	748	0%	750	0%	750
Sunseed,Black Sea	363				0.0%	363	-9%	400	-11%	409
Rapeseed, EU cif	431				0.0%	431	1%	425	8%	399
Palmk oil Mal, EU	885				0.0%	885	-40%	1470	-15%	1037
JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE										

Sojabone: In die globale konteks van sojabone is die hooffokus in die markte steeds op China en die VSA wat in terme van sojabone tot 'n groot mate baie afhanklik van mekaar is. China voer nou baie minder sojabone van die VSA af in as gevolg van die tariewe op invoere van Amerikaanse sojabone na die onlangse handelsoorlog wat woed tussen hierdie twee lande. China voer nou meeste van die sojabone vanaf ander oorspronge af in wat hulle in die hande kan kry, waarvan die meeste daarvan vanaf Suid Amerika verkry word. Die verwagting in die mark is dat selfs al voer China meeste van die ander se uitvoerbare sojabone in, sal hulle steeds ongeveer 15 miljoen ton sojabone kort vir die seisoen. Dit beteken dat dit of van die VSA af ingevoer moet word of alternatiewelik vervang moet word met ander oliesade of oliesaadmeel. In die VSA het die ou seisoen sojaboon uitvoerverkope effens begin afneem die laaste ruk alhoewel die verskepings van sojabone steeds goed vorder. Die onlangse skerp daling in die Amerikaanse sojaboonprys het die VSA 'n aantreklike oorsprong gemaak vir ander internasionale invoerlande. Die verwagting in die mark is dat die Argentynse sojaboon invoere vanaf die VSA hoër sal wees hierdie seisoen as wat aanvanklik verwag was en die skatting is dat dit ongeveer 1.5 miljoen ton te wees tussen September 2018 tot Februarie 2019. In die Brasilië is die verwagting dat die sojaboonaanplantings in die komende seisoen tussen 1.2 en 1.5 miljoen hektaar meer behoort te wees as die huidige seisoen se aanplantings. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die groot vraag na Brasiliaanse sojabone vanuit China. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week meestal gemeng verhandel, maar het Vrydag min of meer teen dieselfde prys gesluit as waarteen dit Maandag geopen het. Volgens verlede week se SAGIS produsente lewerings verslag was daar 1.470 miljoen ton se sojabone gelewer tot en met 27/07/2018 wat ongeveer 95% van die NOK skatting vir die seisoen uitmaak.

Sonneblomsaad: In die internasionale konteks is die sonneblomsaad oliekoek uitvoerbare voorrade redelik beperk wat gelei het tot die toename in pryse daarvan en gevolglik minder wêreldhandel wat plaasgevind het die afgelope paar maande. Gedurende Junie het die sonneblomsaad oliekoek uitvoere vanaf die 3 grootste uitvoerlande, naamlik Rusland, Oekraïne en Argentinië, ongeveer 20% gedaal jaar op jaar terwyl dit 13% laer was gedurende April and 6% laer was gedurende Mei. Die daling in die uitvoere van sonneblom oliekoek kan grootliks toegeskryf word aan die sterk plaaslike vraag veral in Rusland. Daar is wel 'n verwagting vir die seisoen dat sonneblomsaad oliekoek invoere na China skerp sal toeneem wat hoofsaaklik vanaf die Oekraïne af verkry sal word. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week meestal ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In verlede week se weeklikse produsente leweringsverslag wat deur SAGIS bekend gemaak was, was die sonneblomsaadlewerings tot en met 27/07/2018 op 782 527 ton gerapporteer, wat ongeveer 99% van die seisoen se oesskatting is.

Canola: In Australië is die produksietoestande van canola hierdie seisoen onder druk en het die produksietoestande verswak weens onvoldoende reënval in baie van die groot produserende areas en dit het veroorsaak dat die al die beplande hektare aangeplant kon word nie. Die Australiese uitvoere van canola gedurende Junie was ook weereens laag gewees met die VAE wat die grootste ontvanger van Australiese canola was vir die maand. Die lae uitvoere wat vanaf Australië plaasgevind het tot dusver het veroorsaak dat Australië steeds groot canola voorrade plaaslik het. In Kanada is daar ook in sommige areas probleme met weersomstandighede met die canola wat in 'n kritieke fase van die produksie tydperk is. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die fokus steeds grootliks op die produksietoestande in die Weskaap wat baie gemeng is. In sommige areas lyk dit goed terwyl ander areas, van veral die Suid Kaap nog baie min reën gehad het tot dusver hierdie seisoen.

Grondbone: Die invoere van grondboon oliekoek na Sjina vir die seisoen word op ongeveer 130 000 ton geskat vir die seisoen wat ongeveer dubbeld die hoeveelheid is wat verlede jaar ingevoer was. Sjina probeer die tekorte van sojaboon invoere opmaak met ander oliesade en oliesaad meel waarvan grondbone ook deel uitmaak. **Plaaslik:** Die seisoen se plaaslike grondboon produksie was gekenmerk aan moeilike omstandighede en heelwat kwaliteitsprobleme. Volgens die nuutste SAGIS syfers was die grondbone wat tot dusver gelewer is 45% keurgraad, 29% divers en 26% pers graad.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: **luan@grainsa.co.za**

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.